



1) Wat is die SKBBV en wat is die area van verantwoordelikheid?

Die Suid-Kaap Brand Beskermings Vereniging (SKBBV) gestig in 2006, is 'n artikel 21 nie-winsgewende maatskappy (NPC), wat funksioneer binne in 'n gebied van ± 8 miljoen Hektaar. Hierde area sluit die hele Tuin-Roete Distriks Munisipaliteit in, die Tsitsikamma, Langkloof en Baviaanskloof in die Oos-Kaap en die Sentraal Karoo Distriks Munisipaliteit.

Die SKBBV word bestuur deur 'n uitvoerende komitee wat verteenwoordig word deur rolspelers uit verskeie vorme van grondgebruik praktyk binne die Suid-Kaap, naamlik: boerdery, georganiseerde bosbou, bewaring, saam met verskeie plaaslike regeringsdepartemente en semi-staat instellings.

Fondse wat deur die SKBBV gegeneer word, deur die invordering van ledegeld en fonds insameling, word spesifiek gebruik binne die SKBBV domein. Die SKBBV word nie gemandaat om enige fondse by te dra tot staats instellings nie en fondse word jaarliks geoudit deur 'n onafhanklike ouditeur en word aan die lede beskikbaar gestel.

Die SKBBV:

- Is nie 'n brandbestrydings diens nie, hoewel hulp by groter vure teen n koste, voorsien kan word
- vervul nie die rol van brandweerdienste nie, maar dieste kan verskaf word aan die brandweer en grondeienaars, ten opsigte van veld brand aktiwiteite
- word nie befonds deur plaaslike en/of provinsiale regering nie
- is nie betrokke by strukturele brandbestryding nie, behalwe geïntegreerde brand bestuur aktiwiteite
- Forseer nie lidmaatskap af aan die organisasie nie. Lidmaatskap is vrywillig, behalwe vir staats organisasies wat land of grond bestuur, waarvoor lidmaatskap verpligtend is.

2) Wat is die SKBBV se primêre doelwitte?

Die organisasie se primêre doelwitte is om

- (a) plaaslike gemeenskappe te bemagtig om meer bewus te word van die risiko's van 'n vure,
- (b) bemagtiging om pro-aktief op te tree om die gevare en kwesbaarheid van bates te verminder,
- (c) laat hulle toe om as 'n eerste reaksie om op te tree tydens vure,
- (d) inisieer geïntegreerde brandbestuur in die mees koste-effektiewe manier, en
- (e) verseker dat lede voldoen aan wetgewing.

Deur bogenoemde te doen, raak gemeenskappe veiliger en meer voorbereid in die geval van 'n vuur. Deur die skepping van 'n bemagtigende raamwerk en groter bewustheid, sal minder brand stigting lei tot minder verspreiding en makliker onderdrukking van veldbrande.

4) Brand Bestuurs Eenheid beginsels:

So ver as prakties moontlik, sal 'n brand bestuurs eenheid (BBE):

- bestaan uit n groep lede of grondeienaars, naby aan mekaar, wat eenderse veld brand risikos het
- n brand bestuurs plan ontwikkel wat die volgende bevat (nie beperk tot):
 - Strategiese maatreëls om geïdentifiseerde veld brand risikos te verminder, bv. brandbane, hulpbronne, ens.
 - plan vir eerste reaksie op wilde vure
 - protokol om 'extended attack' te begin (opskaling van die operasie)
 - kontak besonderhede van alle Brandbeskermings Verenigings lede binne die eenheid.
- gereelde risiko analise doen en die bestuurs plan dienooreenkomstig wysig
- dien as die eerste reaksie tot wilde vure
- nomineer en kies 'n verteenwoordiger wat sal dien as n skakel tussen die SKBBV personeel, BBE lede en vergaderings sal bywoon
- 'n brand bestrydings span, wat opgelei en met hulpbronne toegerus is, werf
- bewusmaking doen en inwoners oplei soos in die bestuurs plan gestipuleer

Voordele van SKBBV lidmaatskap:

- gedeelde hulpbronne tussen lede met betrekking tot brand bestrydings toerusting, wat lei tot kostebesparing vir individuele lede
- verskuiwing van brandbane kan onderhandel word deur middel van ooreenkomste
- lede van die BBE kan aansoek doen vir brandbaan vrystelling, wat deur die BBV gefasiliteer moet word. Vrystellings aansoeke deur nie-lede, sal nie deur die SKBBV oorweeg word nie.

- toename in die bewarings voordeel binne die landskap, as gevolg van die vermindering van die aantal brandbane. Dit sal potensiële versnelde erosie en versteuring van die natuurlike veld verminder.
- toegang tot die brand gevaar indeks
- verhoogde bewustheid en bestuur van sosiale, omgewings-en ekonomiese risikos
- beter koördinasie in die geval van 'n veld brand
- verlaging van vuur verwante risiko op verskillende maniere, bv. brandstoflading bestuur, beheerde brande, uitheemse plant bestuur, brand bane, ens. Hierde dienste kan teen 'n gesubsidieerde koste vir lede gedoen word.
- brand bestuurs planne saamgestel vir Brand Bestuurs Eenhede (BBE), in samewerking met lede binne die BBE
- lede word outomaties geaffilieer met die Wes-Kaap Sambreel Brandbeskermings Vereniging, wat skakel met nasionale-en plaaslike regering en semi-staatsinstellings
- bystand in die geval van uiterste veld brand toestande deur die voorsiening van opgeleide brand bestryding spanne en bestuur personeel teen 'n gesubsidieerde koste vir BBV lede.
- basiese brand bestrydings opleiding vir nuwe lede teen 'n subsidieerde koste
- addisionele opleiding kan gereël word deur die SKBBV teen 'n verlaagde koste
- bewusmakings veldtogte word geïnisieer om lede van die publiek meer bewus te maak van veld brand risikos
- voorsiening van 'n platform om kwessies te hef met die plaaslike en provinsiale regering bv. Wes-Kaap Sambreel Brand Beskermings Vereniging, Nasionale Sambreel Brand Beskermings Vereniging, SKBBV uitvoerende komitee, Wes-Kaap Lug Brandbestrydings Werk Groep en die Wes-Kaap Veld Brand Werk Groep vergaderings
- die SKBBV onderhandel ondersteuning vanaf 'Working on Fire' en ander regerings inisiatiewe
- toegang tot eksterne befondsing via die SKBBV, indien beskikbaar
- verlaagde voorkoms van brande as gevolg van bewusmaking
- registreer en rapportering van nie-nakoming van wetgewing by die plaaslike owerhede naamlik SAPS, plaaslike en distriks brandweer dienste en ramp bestuur.
- lede wat voldoen aan die reëls van die SKBBV sal outomaties voldoen aan die wetgewing
- die "vermoede van nalatigheid" klousule in die Wet op Nasionale Veld- en Bosbrande, 101 van 1998
 - Dit behels dat 'n SKBBV lid sal deur die reg vermoed word om nie nalatig te wees nie, en die onus en koste om nalatigheid te bewys, sal die verantwoordelikheid van die nie-BBV lid wees.
 - Die koste van die nie-lid om te bewys dat 'n SKBBV lid nalatig was, sal aansienlik wees en mag prokureurs koste, gespesialiseerde ondersoek koste, ens insluit

- die interaksie en die uitbreiding van dienste met verskillende grondeienaars, sal lei tot 'n toename in die bewustheid met betrekking tot die risiko van brand en die gevolge van onbeheerde brande aan beide eiendom en infrastruktuur.
- verlaagde brandgevaar as gevolg van beplanning en beter reaksie tye.
- biodiversiteit voordele deur die instelling van beter vuur bestuurspraktyke.
- voorsiening van insette in die regering se beleid, en besluitneming sal bereik word deur betrokkenheid van die uitvoerende komitee.

Vir verdere inligting, kontak asseblief:

Oostelike Streek

- George na Humansdorp

Dirk Smit

Area Bestuurder: Oostelike streek

T: 044 302 6908

C: 072 785 2742

E: managerfpa@gmail.com

Weselike Streek

- Groot Brakrivier na Witsand

Charl Wade

Area Bestuurder: Westelike Streek

T: 028 713 1987

C: 079 485 5320

scfpa.riversdale@gmail.com

Administrasie

T: 044 302 6912

E: adminfpa@telkomsa.net / southerncapefpa@gmail.com

F: 086 616 1682